
Navorsingsoorsig

3

# ’n Ondersoek na die impak van ’n storiegebaseerde onderwyseropleidingsprogram op taal en vroeë geletterdheid by 4- en 5-jariges

*O’Carroll, S., Visser, M., Oakhill, J., Cain, K., & de Wet, K. (2023). ’n Ondersoek na die impak van ’n storiegebaseerde onderwyseropleidingsprogram op taal en vroeë geletterdheid by 4- en 5-jariges. Little Stars in die klaskamer: Het onderrigpraktyke verander? Wordworks: Cape Town.*

**Figuur 1: Kirkpatrick-model**




## Little Stars in die klaskamer: Het onderrigpraktyke verander?


Hierdie oorsig is die derde in ’n reeks van vyf navorsingsoorsigte wat ’n ondersoek doen na die impak van Little Stars, ’n storiegebaseerde onderwyseropleidingsprogram oor taal en vroeë geletterdheid by 4- en 5-jariges. Die fokus van hierdie oorsig is of hulpbrongebaseerde onderwyseropleiding gelei het tot die aanvaarding en gebruik van die program in die klaskamer, soos wat beoog is, asook die mate waartoe onderrigpraktyke deur die implementering van die program verander het. Ons het Kirkpatrick se model[1] gebruik en op Vlak 3 (gedragsveranderinge) gefokus om te ondersoek hoe onderwysers die program gebruik en hoe die opleiding in die klaskamer toegepas is.

### Hoe het onderwysers die program gebruik?

Die opleiers het die 26 onderwysers in die intervensiegroep in Julie 2022 besoek. Aangesien dit nie vir opleiers moontlik was om al 10 aktiwiteite wat deur die onderwysers in die siklus van twee weke gedoen word, waar te neem nie, het ons onderwysers gevra om een van die kernaktiwiteite waartydens die onderwyser die leiding neem, naamlik *Storievertelling*, *Opeenvolgende prente* of *Lees ’n Groot Boek*, te doen, asook ’n aktiwiteit waartydens die kind die leiding neem, naamlik *Teken en ontluikende skryf*[2].

Die opleiers het ’n vyfpunt-beoordelingskaal gebruik en die onderwysers op grond van die onderstaande vrae beoordeel. Dit was bemoedigend om te sien dat 75% van onderwysers ’n algehele punt van 4 tot 5 behaal het. Van die oorblywende 25% onderwysers, het 17% ’n punt van 3 behaal en 8% het ’n punt tussen 1 en 2 behaal.

**Figuur 2: Gemiddelde puntetellings vir vrae wat verband hou met die implementering van die program (beoordelingskaal = 1 tot 5)**




[1] Kirkpatrick, D., & Kirkpatrick, J. (2006). *Evaluating training programmes: The four levels.* Berrett-Koehler Publishers.

[2] In die aktiwiteit waar kinders vrylik kan teken, teken kinders hul gunstelingdeel van die storie en ’n onderwyser skryf neer wat die kinders van hul prente sê. Minder as die helfte van die onderwysers het hierdie aktiwiteit gedoen, en slegs ’n paar onderwysers het dit wat die kinders van hul tekeninge gesê het, neergeskryf. ’n Kwart van die onderwysers het eerder ’n onderwysergerigte tekenaktiwiteit gedoen en in een derde van die klasse is geen tekenaktiwiteite gedoen nie.

**Waarneming van onderrig in die klaskamer**

Bo en behalwe die klasbesoeke deur Little Stars-opleiers, het waarnemers onderwysers in Februarie en Augustus 2022 besoek. Hulle het 'n oggend in elke klaskamer deurgebring, die onderwysers en kinders waargeneem en ook die klaskameromgewing en onderrig- en leerhulpbronne bestudeer.

Waarnemers het die Early Childhood Environment Rating Scales (ECERS) gebruik om hul waarnemings te rig. Ons het twee van die ses subskale van ECERS-3[3] (*Taal en Geletterdheid* en *Leeraktiwiteite*) en een van die vier subskale van die ECERS-E[4] (*Geletterdheid*) hiervoor gekies.


Die ECERS-riglyne verskaf aanwysers vir elke item wat die waarnemer moet beoordeel. Die waarnemer merk elke aanwyser wat hulle waarneem af en bereken 'n puntetelling vir elke item op 'n sewepuntskaal: onvoldoende (1–2); minimaal (3–4); goed (5–6); uitmuntend (7). Sommige aanwysers is maklik om te bereik, terwyl ander meer hulpbronne en 'n vaardiger onderwyser verg.


Hier volg van die aanwysers vir die ECERS-E-item, *Volwassene lees met die kinders*, soos vertaal uit die Engelse riglyne:

- Volwassenes lees selde vir die kinders.
- Volwassenes lees daagliks met kinders.
- Die kinders is tot 'n mate betrokke tydens leestye (kinders word byvoorbeeld aangemoedig om die herhalende woorde en frases in die teks saam op te sê, volwassene wys prente vir die kind/ers of vra eenvoudige vrae).
- Kinders neem 'n aktiewe rol in tydens leestye en die woorde en/of storie word gewoonlik bespreek.
- Kinders word aangemoedig om oor "wat as"-vrae te dink en dit te oorweeg, en/of die inhoud van die boek aan ander ervarings te koppel.

Soos uit die voorbeeld hierbo blyk, is die fokus op die lees van storieboeke en daar is geen aanwysers vir mondelinge storievertelling nie. Die Little Stars-program ondersteun mondelinge storievertelling, en daarom het ons bykomende items vir ECERS-3 en ECERS-E geskep deur "lees van boeke" met "storievertelling" te vervang. Onderwysers kon dus punte verdien wanneer hulle 'n storieboek lees of 'n storie vertel.

**Figuur 3: Subskale van die Early Childhood Environment Rating Scales (ECERS)**




[3] Harms, T., Clifford, R. M., & Cryer, D. (2014). *Early Childhood Environment Rating Scale, third edition (ECERS-3)*. New York, NY: Teachers College Press.

[4] Siraj-Blatchford, I., Taggart, B., & Sylva, K. (2010). *ECERS-E: The Early Childhood Environment Rating Scale Curricular Extension to ECERS-R (4th ed.)*. Trentham Books Ltd.

# Hoe het die program onderrigpraktyke beïnvloed?

## Voor die opleiding

Die gemiddelde puntetellings van die die basislyn-waarneming was merkbaar laag, met geen items wat 'n gemiddelde van 4 of hoër vertoon het nie.

- Onderwysers het vir een derde van die items 'n puntetelling van 3 behaal, terwyl hulle vir die oorblywende items 'n puntetelling van tussen 1 en 2 behaal het.
- Daar was 'n wye reeks puntetellings vir al die items, behalwe vir *Dramatiese spel* en *Natuur/wetenskap*, waarvoor die puntetelling tussen 1 en 2 was.

Dit is belangrik om daarop te let dat COVID-inperkings eers laat in 2021 verslap is, wat moontlik kan verklaar waarom die meeste waarnemers geen dramatiese spel aangemeld het nie. Kinders was ook weer pas terug in die klaskamer, en dit kon 'n invloed gehad het op hul vlak van interaksie en betrokkenheid.

## Ná die opleiding

Ons het die puntetellings (Tydstip 1) van waarnemings wat in Februarie gedoen is, met die waarnemings wat in Augustus gedoen is (Tydstip 2), vergelyk, en gevind dat daar 'n beduidende verbetering was vanaf Tydstip 1 tot Tydstip 2 wat betref die gemiddelde puntetellings op al drie subskale vir albei taalgroepe (daar was 'n duidelike effek vir tyd, maar geen effek vir taal nie).


Dit was ook duidelik dat die intervensiegroep op al drie ECERS-subskale 'n groter verbetering as die kontrolegroep getoon het. Vir die subskale, *Taal en Geletterdheid* en *Leeraktiwiteite*, was die verbetering statisties beduidend. Vir die subskaal, *Geletterdheid*, was die verskil nie beduidend nie.

Om die algehele verbetering te ondersoek, het ons die gemiddelde puntetellings vir elk van die items gedurende Tydstip 1 en Tydstip 2 ontleed. Vir sommige items het die onderwysers in albei groepe met verloop van tyd verbeter (byvoorbeeld, *Dramatiese spel*). Ons wou egter sien watter aanwysers in die kontrolegroep nie veel verander het nie, maar 'n groot verandering in die intervensiegroep getoon het. Ons het dus na elke aanwyser gekyk en die aantal "ja"-response van die waarnemers getel.

Ons het nie verbeterings verwag in items wat nie met die Little Stars-program verband hou nie (byvoorbeeld, *Blokkies*) of wat bykomende hulpbronne verg nie. Ons het egter verwag dat die onderwysers in die intervensiegroep beter sou vaar in items wat met taal en geletterdheid en interaksie tussen onderwysers en kinders verband hou.

Ons het gevind dat die gemiddelde puntetelling in die intervensiegroep in 15 uit 21 items met 1 punt verbeter het (in vergelyking met 4 uit 21 items in die kontrolegroep). Figuur 4 toon dat onderwysers in die intervensiegroep 'n hoër persentasie tellings van 3–4, en 'n laer persentasie tellings van 1–2 gehad het op Tydstip 2.

**Figuur 4: Ontleding van gemiddelde puntetellings vir intervensie- en kontrolegroepe**




Dit was teleurstellend dat die intervensiegroep nie verbetering getoon het vir die item, *Ontluikende skryf/merktekens*, nie. Hoewel kinders by die meeste sentrums toegang tot papier of materiaal gehad het om mee te teken, het baie min waarnemers die volgende aanwysers afgemerk: 'Kinders neem waar hoe hulle onderwysers neerskryf wat hulle sê'; 'Kinders word aangemoedig om te probeer skryf om te kommunikeer'; 'Volwassenes vestig aandag op die doel van skryfwerk'.

Sommige items het onverwagse verbetering getoon. Dit was byvoorbeeld bemoedigend om verskuiwings in die gebruik van "wiskundetaal" in die volgende items waar te neem: *Wiskundemateriaal en wiskunde-aktiwiteite* ('Personeel vra vir kinders vrae oor wiskundemateriaal/-aktiwiteite wat redenering stimuleer') en *Wiskunde in daaglikse gebeure* ('Personeel gebruik "wiskundetaal" in die groot groep om na daaglikse gebeure te verwys'). Hoewel die Little Stars-program nie op wiskunde fokus nie, word onderwysers aangemoedig om wiskundewoordeskat by alledaagse aktiwiteite te voeg en wiskundewoordeskat word deur middel van stories bekendgestel, met drie van die stories wat 'n spesifieke wiskundetema het.

***Meer inligting oor die Little Stars-opleidingsprogram en -materiaal is beskikbaar by: www.wordworks.org.za.***

### Wat het die meeste verbeter?

| Items | Aanwysers |
|---|---|
| *Help met uitbreiding van kinders se woordeskat* | • Woorde wat mense, plekke, dinge en aksies beskryf, word soms in 'n betekenisvolle konteks gebruik.<br>• Personeel verduidelik soms die betekenis van onbekende woorde korrek op 'n manier wat kinders kan verstaan. |
| *Moedig kinders aan om taal te gebruik* | • Baie gesprekke tussen personeel en kinders tydens grootmotoriese vrye spel en roetines. |
| *Personeel gebruik boeke (stories) met kinders* | • Die meeste kinders blyk betrokke te wees vir die grootste deel van die tyd wanneer boeke (stories) gebruik word.<br>• Alle kinders wat aan die aktiwiteit deelneem, is aktief betrokke tydens elke boek (storie) tyd.<br>• Personeel toon 'n mate van/baie belangstelling en genot in boeke (stories).<br>• Personeel en kinders bespreek die inhoud van 'n boek (storie) op 'n manier wat kinders betrek. |
| *Moedig kinders se gebruik van boeke aan* | • Die leesarea is gemaklik ingerig en die boeke in die area is georganiseer. |
| *Drukwerk in die omgewing* | • 'n Paar gemerkte voorwerpe of items is teenwoordig en maklik sigbaar.<br>• Bespreking van drukwerk in die omgewing vind plaas en hou dikwels verband met voorwerpe van persoonlike belang vir kinders. |
| *Boek- en geletterdheidsareas* | • Die boekarea is gerieflik (met 'n mat en kussings of gemaklike sitplekke) en bevat 'n wye reeks boeke met uiteenlopende style, inhoud, en moeilikheidsgraad. |
| *Volwassene lees (vertel 'n storie) met kinders* | • Kinders neem 'n aktiewe rol in tydens leestye (storietye) en die woorde en/of storie word bespreek.<br>• Daar is bespreking oor drukwerk en letters, sowel as inhoud.<br>• Daar is ondersteuningsmateriaal vir kinders om self by stories betrokke te raak. |
| *Klanke in woorde* | • Die aanvangsklanke in woorde word onder die kinders se aandag gebring. |
| *Praat en luister* | • Kinders word aangemoedig om vrae op 'n meer uitgebreide wyse te beantwoord (antwoorde wat uit meer as een woord bestaan). |
| *Kuns* | • 'n Mate van individuele uitdrukking met kunsmateriaal word waargeneem wanneer kinders kunsmateriaal gebruik, of kuns word vertoon (byvoorbeeld, kinders word toegelaat om vrylik te teken). |

### Betekenis en implikasies van die resultate

Die resultate van opleiers en waarnemers se klaskamerbesoeke het op die volgende gedui:

- Onderwysers in beide die Afrikaans en isiXhosa-groep se puntetellings was soortgelyk (daar was geen beduidende verskille nie). Dit dui daarop dat aanvaarding van die program nie spesifiek tot een konteks beperk was nie.
- Daar was uiteenlopende puntetellings vir alle metings wat uitgevoer is. Slegs twee van die onderwysers in die intervensiegroep het lae punte behaal vir hul gebruik van die program, wat oorhoofs op goeie aanvaarding van die program dui.
- Die onderwysers in die intervensiegroep se gehalte van onderrig het gemiddeld meer verbeter as dié in die kontrolegroep. Op twee van die drie subskale was hierdie verbetering beduidend.
- Die intervensiegroep het 'n groter afname getoon in die persentasie items met 'n gemiddelde puntetelling in die laagste meetgebied, in vergelyking met die kontrolegroep. Hulle het ook 'n groter toename getoon in die persentasie items wat met een punt op die skaal verbeter het.
- Ontleding van items het op die volgende gedui:
  - Veranderinge in gemiddelde puntetellings is gedryf deur veranderinge in items wat verband hou met geletterdheid en taal, met sommige positiewe verskuiwings in aanwysers wat verband hou met die gebruik van "wiskundetaal".
  - Onderrigpraktyke vir *Teken en ontluikende skryf* het nie soveel verander as wat ons verwag het nie.

Hierdie bevindinge dui op goeie aanvaarding en gebruik van die Little Stars program in twee kontekste (Paarl en Khayelitsha). Dit toon dat hulpbrongebaseerde opleiding doeltreffend is vir die verbetering van onderrigpraktyke en interaksie in die klaskamer.

***Ons gee met dank erkenning aan die British Academy vir hul ruim navorsingstoelae (ECE 190079).***
***Die reeks navorsingsoorsigte is deur Lancaster University FST Impact Fund befonds.***